



KAMMANUUS

Nommer 334

6 Augustus 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Daar is te veel Richmond in die wêreld!

Ek will vandag bietjie raad vra by julle Duskantlanders. Kan julle my miskien vertel hoe dit deesdae gaan met die poskantoor daar by julle. Is dit steeds 'n geluiskoot as jou pakkie of brief heelhuids en betyds by sy bestemming opdaag, of het daar darem al 'n verbetering ingetree?

Net soos ek en kamermaatjie gewoon geraak het aan gebottelde water en ons deesdae nie meer kraanwater drink nie, so gebruik ons nie meer die poskantoor nie. Dis nou net duur koerierdienste.

Maar selfs met hulle het ons nou al die interessantste en snaakste dinge oorgekom met die tyd.

Lyk mos vir my of al die dorpe se naamsveranderinge mooi saamwerk met die swak onderwys om ons mense heeltemal dom te maak as dit by geografie kom.

Wat dit vir my erger maak, is dat ek nie eens my goeie naam van die nuwenaam plekke stuur nie. Myne gaan doodgewoon Richmond toe. Richmond in die Karoo. Richmond in die middel van Suid-Afrika. Richmond reg langs die N1 en halfpad Slaapstad toe. Dêmmet, almal weet mos waar Richmond is!

Terloops, om een of ander duistere rede is Richmond ook net mooi halfpad Johannesburg toe vir die wat ongelukkig weer moet omdraai as dit sneeu en teruggaan. Vir dié van julle wat dit dus oorkom, kom bly gerus oor by ons in die gastehuis en stel die hel nog 'n dag uit.

Wanneer ons 'n pakkie hier van Doha af soontoe stuur, weet ons die Arabiere sal hom maklik na die verkeerde Richmond in Virginia in die VSA of selfs na die een in Engeland toe pos. Ons maak dus seker dis duidelik gemerk Reënboog Republiek van Duskantland, komplete met poskode en die provinsie.

Als verniet. Ons moet maar telkens weer toekyk op die web spoorsny om te kyk of hy wel in Suid-Afrika opdaag, maar dan eers weer 'n draai in Richmond Natal gaan maak en daarna in Richmond Johannesburg opdaag. Dis seker omdat ons Richmond sorteer onder Noord-Kaap. Selfs ek glo nie daai een nie.

Nou die dag, net voor ons terugvlieg Sandkantland toe, stap ek mos toe in by Paul du Toit se Wine Village daar in Hermanus en bestel weer 'n boks wyn vir die gastehuis. Ek is heel rustig in die wete dat hulle al voorheen suksesvol afgelewer het. Skerts nogal ligweg dat ek hoop hulle weet darem nou waar my Richmond is en dat die wyn nie eers weer in Johannesburg moet gaan kuier nie.

Nee, als is reg, hulle koerier weet mos dié keer mooi. Oor minder as 'n week sal dit daar wees. Terug in Katar, ná twee weke, bel my ma my. Die wyn is nog nie daar nie. Twee dae later bel sy weer. Hulle het haar uit Natal gekontak vir aanwysings na die regte Richmond toe.

Noe drie dae later bel sy weer. Die wyn het opgedaag, maar net vier van die ses bottels is heel, twee is stukkend. Ek vertel haar ek het 12 bottels bestel, waar is die res? Paul stuur toe maar nog 'n boks. Die keer soek hy effe meer robuuste wyne uit wat goed kan reis. Die dag toe darem betyd en voltalig op.

Volgens Paul het die eerste boks Voortrekker-wyne ingehad. Hulle wou trek. Hoe dan anders, want 'n man van Sandkantland kom koop in Walvisdorp goedere uit Wynland en stuur dit dan Karooland land toe. Hulle moes mos verdwaal. Party sal mos ook in Piesangland gekaap word, kom dan daarvandaan. Te veel plekke met vreemde name.

Dis hoekom ek vra. Ná al die verdwalery wonder ek of 'n mens nie maar weer 'n slag die poskantoor 'n kans moet gee nie . . .

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Gedink jy weet alles? [2]

* Babas word gebore sonder knie-skywe. Dit ontwikkel eers van ouderdom 2 tot 6 jaar.

(Ek ken mense wie se ruggrate nooit gaan ontwikkel nie)

* In die afgelope 4000 jaar is geen nuwe dier as 'n huisdier getem nie. (Wat bedoel hulle? Kyk hoe goed vaar vrouens om mans te tem!)

* As die Chinese bevolking in 'n enkel gelid verby jou loop, sal die ry nooit ophou nie vanweë hul aanwaskoers.

* Leonardo Da Vinci het die skêr ontdek. (Nooit geweet nie.)

* 'n Mens se oë is van geboorte dieselfde grootte, maar jou neus en ore hou nooit op met groei nie. (Piet Koornhof?)



Sjinese gesegdes

- Net 'n gek meet vriendskap aan die geskenke wat hy kry.
- Grawe die put voor jy dors is.
- Moenie 'n winkel begin as jy nie daarvan hou om te glimlag nie.
- Die een wat eerste slaan weet hy het die argument verloor.
- Jy sal nie vis in 'n boom kry nie.
- Mense is vreemd: Hulle bid vir 'n lang lewe, maar vrees die ouderdom.
- As jy minder eet sal jy meer proe.
- Eerlike advies is swaar op die oor.
- Saai rys as jy vir 'n jaar beplan; plant bome as jy vir 'n dekade beplan en voed mense op as jy vir 'n leeftyd beplan.
- Sorg dat jy eerste op die land en laaste op die rusbank is.

Die kameelperd-toets

1. Hoe sit jy 'n kameelperd in 'n yskas?

Antwoord: Maak die deur oop, sit die kameelperd in, maak die deur toe. Hierdie vraag is om te toets of jy maklike dinge op die ingewikkelde manier doen.

2. Hoe sit jy 'n olifant in die yskas?

Antwoord: Het jy gesê maak die deur oop, sit hom in, maak die deur toe? Verkeerd! Jy moet mos eers die kameelperd uithaal! Hierdie vraag toets jou vermoë om die reperkussies van jou vorige aksie te deurdink.

3. Koning Leeu hou 'n dierevergadering. Al die diere woon dit by, behalwe een. Watter een?

Antwoord: Die olifant - hy is nog in die yskas. As jy al drie die vorige antwoorde verkeerd gehad het, kry jy nog een kans om jou ware vermoëns te toets.

4. Jy moet 'n rivier vol krokodille sonder 'n boot oorsteek. Hoe doen jy dit?

Antwoord: Jy spring in en swem oor. Het jy nie geluister nie? Die krokodille is almal by Koning Leeu se vergadering!

• Luidens Anderson Consulting Worldwide het 90% van die getoetste beroepslui al die vrae verkeerd beantwoord, maar baie voorskoolse kinders was reg! Dit toon dat die meeste beroepslui nie die verstand van vierjariges het nie!

Darwin-pryse [2]

'n Man wat in 'n sneeustorm in Chicago 'n uur lank gesukkel het om 'n parkeerplek vir sy motor uit te grawe.

Hy het gou 'n draai gaan loop, terugge-keer en gevind dat 'n vrou op die plek geparkeer het.

Dis heeltemal verstaanbaar dat hy haar geskiet het.

OUDERDOMSTOETS



Ken jy die verband tussen hierdie twee objekte?

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Slapende polisie besteel

FEIT

DIEWE in KwaZulu-Natal het die gek geskeer met slapende lede van die polisie by die Ntuzuma-kantoor, noord van Durban. Hulle het met spuitverf 'n boodskap gelaat: "Ons steel terwyl julle slaap."

Hulle het ook 'n polisiebakkie met spuitverf bygekom voordat hulle hul eie met boumateriaal gelaai het.

"Hulle moes die sleutels van die hoofhek gehad het om in te kom. Hulle het die polisie allerhande vieslike name genoem in die boodskappe wat hulle agtergelaat het," het 'n polisie-offisier gesê.

Man se bos is 'aanstootlik'

FEIT



WARWICKSHIRE se polisie het Richard Jackson ingelig dat sy parmantige tuinbos verander moet word omdat dit as 'n openbare oortreding en aanstootlik gesien word. Hy het dit as 'n middelvinger gesnoei.

"Niemand het die afgelope agt jaar nog daarvoor gekla nie," het Jackson gesê. Nou is daar glo een klakous en skielik is dit 'n oortreding," het Jackson gesê.

"Hulle kan loop doppies blaas. Niemand gaan vir my vertel wat ek in my tuin mag doen of nie mag doen nie."

Hy het gesê hy dink die polisieman het maar net sy plig

gedoen. Die polisie sê as hulle 'n direkte klag oor die bos ontvang, sal hulle "proporsioneel" optree.

Intussen het die man se bure in Tamworth begin met 'n red-die-bos veldtog.

Rooi betaal – maar net by mans

FEIT

DIT betaal om 'n skarlaken-meisie te wees - veral by die werk.

Kelnerinne wat rooi dra verdien tot 26% meer footjies as wanneer hulle enige ander kleur dra, het navorsers gevind.

Maar dit geld net die manne - vroue-kliënte toon geen voorkeur vir 'n kleur nie. Of mans daarvan bewus is of nie, hulle voeg van 11% tot 26% by hul footjie vir kelnerinne in rooi.

Die toets was eenvoudig. Elf kelnerinne by vyf restaurante het ses weke lank aan die toets deelgeneem. Hulle is gevra om dieselfde soort T-hemp te dra, maar die kleure te wissel.

SPYT KOM TE LAAT

Gatiep sit op die rusbank na 'n video en kyk. Skielik skree hy vir die man in die video: "Moenie innie kerk gan nie! Bly byte! Dja gaan f*kk*n spyt wies!" Sy vrou hom waarna hy kyk.

"Ek sit en kyk wier na onse trouvideo!"

EVOLUSIE

Ingestuur deur JOHANN MOSTERT



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



MOERE HELP NIE

Op RSG radio sê hulle op een van die oggendprogramme om te verhoed dat jy in die nag krampe kry moet jy aartapelmoere in jou bed sit.

Dit sal help dat jy nie weer krampe kry nie en lekker slaap.

'n Ou tannie bel in en sê daai raad help nie.

Sy slaap al dertig jaar met 'n ou moer in die bed en sy kry nog steeds krampe.

WIE SAL HELP?

Die man klim langs sy vrou in die bed, en sê:

"Vanaand maak ek jou die gelukkigste vrou in die wêreld."

"Jy's nou simpel, sê sy. Wie gaan jou die tyd van die nag help trek?"

KOEKSISTERS

Die ou oom lê op sy sterfbed en ruik koeksisters in die kombuis.

Met sy laaste kragte kruip hy kombuis toe en steek sy hand uit om een te vat.

Die tannie klap hom op die hand en skree:

"Los bliksem, dis vir JOU begrafnis!"

ROMANTIES

Om jou vinger saggies op iemand se lippe te sit en dan saggies te sê:

"Sjuut! Nie nog 'n woord nie," is miskien superromanties.

Die probleem is net spietkops like dit niks.

'N WARE FEËVERHAAL

Eendag was daar prins en 'n pragtige prinses en die Prins vra haar om met hom te trou. Die prinses antwoord toe: "NEE!"

Van toe af was die prins vir altyd gelukkig. Hy het met die mooiste motorfietse rondgeroy en uitgegaan met lang, lenige, rondborstige dames en rasieleiers.

Hy het gejaag en visgevang en resies gejaag en na kaalgat-kroeë gegaan met meisies die helfte van sy ouderdom. Daar het hy whiskey bier en brannas gedrink sonder 'n geneul in sy ore.

Hy het sy huis en sy gewere behou en vis en tjips voor die televisie geëet en kliphard wind opgebreek en gepoep. Hy is nooit verneuk terwyl hy by die werk was nie en sy vriende en familie het gedink hy's wonderlik. Hy het altyd baie geld gehad en het die toiletsitplek opgeslaan gelos. Die Einde.

TREKPAS

Ek is gister in die pad gesteeek by Lifeline se krisissentrum. 'n Ou met die naam Julius Malema het gebel en gesê:

"My meisie het my verlaat. Ek lê nou op die spoorlyn en wag vir die trein om te kom."

Ek sweer al wat ek gesê het was: "Bly kalm, en bly op die lyn."

BEDAGSAME MAN

Ek hou vreeslik daarvan om my vrou te bederf.

Wanneer sy die dag laat werk bel sy my van die kantoor af voor sy huis toe kom.

Ek tap dan die warm water, roer die seep in sodat sy die skottelgoed kan begin was sodra sy tuis kom.

ANDY CAPP deur Smythe





Dinge wat OU ROKERS eindeloos irriteer

Vandat ek vier dae gelede opgehou rook het, doen en sê mense goed wat my die vaal flerrie in maak.

- Soos wanneer iemand na sy arm wys as hy vra hoe laat dit is. Ek weet waar my horlosie is, pel - waar de moer is joune? Wys ek na my lieste as ek vra waar ek kan pie?
- Of soos wanneer iemand gewillig is om van sy stoel af op te staan en die hele donnerse kamer vol te soek na die remote omdat hy weier om na die TV toe te stap en die kanaal te verander.
- Of as iemand sê: "Dis altyd op die laaste plek wat jy soek." Natuurlik is dit! Hoekom sal jy nou f-kk-n aanhou soek nadat jy die donnerse ding gekry het?
- Of as jy in 'n fliek sit en iemand vra: "Het jy dit gesien?" Nee, poephol, ek het R30 betaal om na die fliek te kom en na die vloer te staar!
- Of as hierdie advertensie-dose iets adverteer se: "New Improved". Wat is dit nou eintlik? Ek meen, as iets nuut is, was daar mos nie iets voor dit nie, en as dit "improved" is, moes daar mos iets gewees het waarop hulle verbeter het. So hoe de hel kan dit nou "New" EN "Improved" wees?
- Of as iemand se: "Die lewe is kort" K-k man! Dis die langste blerrie ding wat enige een van ons ooit sal doen! Wat gaan jy doen wat langer as dit is?
- Of as jy vir die bus sit en wag en iemand vra of die bus al gekom het. As die bus al gekom het, sou ek nog hier gesit en wag het, poephol?

EK DINK EK MOET MAAR LIEWER WEER BEGIN ROOK.

Hoe ken jy 'n vlieg se geslag?

Die vrou stap die kamer binne waar haar man besig is om vlieë dood te slaan.
 "Hoeveel het jy al doodgeslaan?" vra sy belangstellend.
 "Vyf," sê hy. "Drie mannetjie en twee wyfies."
 "En hoe ken jy die verskil uit?" vra die vrou.
 "Maklik," sê hy. "Drie was op die bierblik, twee op die telefoon."

OOR GHOLF OP SONDAE

Jan het besluit om ná 'n laataand vroegoggend 'n potjie gholf te gaan speel.
 "Hoe was dit?" vra een van die ouens in die klubhuis.
 "Nie goed nie," sê Jan. "Die enigste twee goeie balle wat ek raakgeslaan het, was toe ek op die 7de afgestap en op 'n hark getrap het."
 Gholfspeler: "Hou asb op om kort-kort op jou horlosie te kyk, dit sit my af."
 Joggie: "Dis nie 'n horlosie nie, dis 'n kompas"
 Gholfspeler: "Hoe hou jy van my spel?"
 Joggie: "Baie goed meneer, maar persoonlik verkies ek gholf."
 Gholfspeler: "Dink jy dis sonde om op Sondag te speel?"
 Joggie: "Die manier wat meneer speel, is dit op enige dag 'n sonde."

KORTETJIES

- Die meisie wat die weerprogram aanbied, het gesê sy verwag vannag agt duim. Toe dog ek so by myself: "Beslis nie met daai gesig nie."
- Die Ierse seuntjie het langs die pad staan en huil. 'n Man vra hom wat is fout. Hy sê sy ma is oorlede.
 Man: "Foeitog. Kan ek vader O'Reilly vir jou bel?"
 Seuntjie: "Nee, dankie. Seks is die laaste ding waaraan ek nou dink."
- Jare terug is gesê dat 'n appel elke dag die dokter sal weghou. Maar as jou dokter 'n Moslem is, sal 'n hamtoebroodjie beter werk.



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Die president se vrou se koek raak weg

Michiel se storie

BEHALWE vir sy ander pligte het die Staatspresidentswag (SP) ook om die beurt in Pretoria en die Kaap by die Staatspresident se woning wag gestaan. Dit was lekker in die Kaap: drie weke se verlof.

As ons by die president gaan wagstaan het, was ons ses plus 'n onderoffisier. Die een wag staan by die slaapkamer en die ander een by die kombuis. So staan die een groep die een Saterdag in die Kaap wag.

Die SP se kok het die middag die heerlikste tert gebak. Die man sit toe die tert op die vensterbank om af te koel. Die president se vrou sou die middag gaste vir tee gekry het. Net nadat die wagte omgeruil het, het die ou wagte terug gekom, mekaar opgetel en die tert verlos van waar hy op die venster-bank gestaan het.

Hulle is na die wagkamer en vaar in die tert in. Hulle los vir die twee manne wat aan diens was darem ook 'n stukkie tert.

Net so na vieruur die middag kom die president se vrou se gaste daar aan. Die kok soek die tert en daar is niks. Weg. Gelukkig het hy iets anders êrens gehad en die belangrike gaste het darem iets saam met hul tee gehad.

Daar was agterna groot stories oor die tert. Gelukkig het die president se vrou 'n sin van humor gehad en moes die manne net die bestanddele vervang.

Die stafsersant was ook so half beïndruk met die manhaftige diewe, want hy is na die basis se kokke toe en het daar vir ons al die bestanddele gaan bymekaar maak.

Een van die destydse rowers is vandag 'n geëerde en gerespekteerde skoolhoof by 'n groot skool. As sy leerlinge maar net geweet het . . .

Sit, jou slim kind!

SKOOLTOETS

Antwoord die vrae so akkuraat as moontlik.

1. In watter veldslag is Napoleon oordelede?
A: Sy laaste een.
2. In watter staat vloei die Ravi-rivier?
A: In 'n vloeibare staat.
3. Waar is die Deklarasie van Onafhanklikheid onderteken?
A: Onderaan die bladsy.
4. Wat is die hoofrede vir egskeidings?
A: Huwelike.
5. Wat kan jy nooit vir ontbyt eet nie?
A: Middagete en aandete.
6. Wat lyk soos 'n halwe appel?
A: Die ander helfte.
7. Hoe kan 'n man agt dae lank sonder slaap klaarkom?
A: Maklik, slaap in die nag.
8. Hoe kan jy 'n olifant met een hand optel?
A: Olifante het nie hande nie.
9. As jy drie appels en vier lemoene in een hand het en vier appels en drie lemoene in die ander hand - wat het jy?
A: Baie groot hande.
10. Hoe kan jy 'n rou eier op 'n betonvloer laat val sonder dat dit kraak?
A: Enige manier wat jy wil. Dis baie moeilik om 'n betonvloer te kraak.

DIE LEERLING HET 'N F-SIMBOOL GEKRY. EN 'N A+ VIR OORSPRONKLIKHEID.

Waarnemings met die ouderdom

Ingestuur deur AMELIA VAN LOGGERENBERG

~**Jou kinders word soos jy** en jy kan dit nie verdra nie, maar jou kleinkinders is perfek!

~**Om uit te gaan is goed.** Om huis toe te kom is baie beter!

~**Wanneer mense sê jy lyk "Mooi"** voeg hulle vinnig by "vir jou ouderdom!"

~**Wanneer jy afslag behoort te kry, betaal jy die volle prys.**

Nou behoort jy afslag op alles te kry, soos flieks, hotelle, vlugte, maar jy is te moeg om hulle te gebruik.

~**Jy vergeet name** maar dit is ook maar goed omdat ander persone selfs vergeet hulle ken jou!

~**Die 5 kilogram wat jy in gewig wil verloor is nou 15** en die kans is groot dat jy eerder jou sleutels sal verloor.

~**Jy besef dat jy in werklikheid vir niks meer goed is nie** - veral gholf.

~**Jou wederhelfte verwag van jou om dinge te onthou** wat jy beslis nie kan onthou nie.

~**Die dinge wat jy met omsigtigheid gedoen het, is vir jou nie meer van belang nie;** jy gee eenvoudig net nie meer om nie.

~**Jou man slaap veel beter in die sitkamerstoel voor die blêrende TV as in sy bed.** Dit word sy "vooraf-slapie" genoem.

~**Jy het gesê: "Ek hoop my kinders RAAK getroud** en nou sê jy: "Ek hoop hulle BLY getroud!"

~**Jy verlang na die dae toe alles uitgewerk het deur 'n "AAN-" en "AF-" skakelaar.**

~**Toe Google, i-pod, e-pos, modem nog onbekend was,** en 'n muis iets was waarvoor jy op die tafel gespring het.

~**Nou dat jy meer duursame juwele kan bekostig,** is dit nie meer veilig om dit enigsins te dra nie.

~**Jou man het 'n aand saam met die manne** maar hy's 21:00 terug by die huis. Volgende week sal hy 20:30 terug wees.

~**Jy lees 100 bladsye van 'n boek** voordat jy besef jy het die boek al voorheen gelees.

~**Wat voorheen vlekke was** is nou lewerkolle.

~**Almal fluister.**

~**Nou dat jou man afgetree het** sal jy enigiets gee as hy 'n werk kan kry!

~**Jy het drie stelle klere in jou hangkas** twee wat jy nooit sal dra nie.

~**~maar ouderdom is in sommige gevalle baie goed:**
ou liedere, ou films of video's en die beste van alles: **OU VRIENDE!**

Selfoon-etiket

Ná 'n besige dag sak 'n moeë pendelaar op die Gautrein in haar sitplek neer en maak haar oë toe terwyl die trein uit Sandton vertrek op pad Hatfield toe. Net nadat die trein uit die stasie is, pluk 'n passasier langs haar sy selfoon uit en begin hardop praat.

"Hallo Duifie, dis Erik, ek is op die trein skatlam – ja ek weet dis reeds halfses en nie halfvier nie, maar ek was in 'n baie lang vergadering. Nee, ek is nie saam met daai flerrie van die kantoor nie, ek sê jou mos ek is op die trein.

"Nee, ek belowe jou daar is niemand anders in my lewe nie – ja, jy's die enigste . . ." en so karring Erik aan en aan vir nog vyftien minute.

Dan besluit die moeë pendelaar langs hom sy het nou genoeg gehad van sy luide aanhoudende stem, en skree hardop: "Erik, sit nou neer daai bleddie telefoon en kom terug bed toe!"

Erik gebruik deesdae nie meer sy selfoon in die publiek nie.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

GESTOPTE BOLO /SOUTVLEIS

Meng saam:

250 g fyngesnyde gaar hoenderlewertjies

1 e blatjang

1 t sout

Swart peper na smaak

½ k broodkrummels

2 e fyn gekerfde agurkies

2 e fyn gesnyde spek

1 gekapte ui

½ t gemengde kruie met knoffel

1 heel Bolo

Maak 'n snit in die Bolo om in die middel 'n 'sak' te vorm, stop dit vol met mengsel en werk of steek goed toe met tandestokkies. Draai in foelie toe of plaas in baksakkie. Bak vir 2 ure in matige oond.

SUURLEMOEN EN PIESANG KOUE POEDING

2 dosyn vingerbeskuitjies (Boudoires)

Kersies

5 piesangs in skyfies gesny

1 pakkie suurlemoenjellie

1 e suiker

2 eiers geskei, klop eierwitte styf

1 ½ k kookwater

1 k (250ml) dik room

Maak die Jellie met die suiker en water aan, laat staan tot amper gestol, en klits goed. Vou eierwitte by.

Pak lae in gesmeerde tertbak met beskuitjies, piesangs, en jelliemengsel. Rond af met gekapte kersies en room.

STAMBOOM

BEUKES benitan@vodamail.co.za

Op soek na familie van Jan Alwyn Beukes gebore 6 November 1941 of 1942. Oorlede 1976 van Meyerton. Hy het twee broers gehad, Japie en Fanie asook 'n sussie Sofie. Ek wil graag my stamboom vir my kinders nalaat, en wil meer oor my pa uitvind.

BRONKHORST johannesbr@tshwane.gov.za

Het baie inligting oor Bronkhorst's. Soek pa van Barend Jacobus Bronkhorst*24/04/1888+16/02/1949 x Magrieta Magdalena Sopia Coetzee*29/06/1888+23/11/1956. Kom van Krugersdorp

DU PLESSIS dapedu5@gmail.com

Ek soek inligting oor die familie van Daniël Jacobus Frederick du Plessis (gebore 30.08.1857 en oorlede 27.11.1937). Hy was van Riebeeck-Wes.

DU PLESSIS guesthouse@thefatherpalace.co.za

Ek is op soek na inligting oor my oupa. Jakobus Phillipus du Plessis. Sy vrou was Martha Etrisia Brits. Hul was van Stilfontein area. Kan enige iemand met inligting help asseblief?

FOURIE genea@diepienaars.co.za

My oupa, wie se naam ek moes dra (as tweede seun) was Hendrik Albertus Fourie (geb 17/1/1874) van die omgewing Zeerust te Porterville. Ek weet nie wie sy pa en oupa was nie en wil dit baie graag navors. Hierdie Hendrik Albertus se eerste seun was Marthinus, en volgens die ander kinders se name, het hy die konvensie van name gevolg - so ek vermoed HA Fourie se pa was 'n Marthinus ? Fourie. Enigiemand met inligting, kan my asseblief kontak, ek sal dit baie waardeer.

FRITZ benniebur@gmail.com

Ek is Aletta Catharina Martha (Fritz, Engelbrecht, Sursok, Lloyd en nou Burger). Ek soek inligting oor my eie pa, Faan Fritz wat woonagtig te Krugersdorp was en was met Susanna Nepgen getroud. Asseblief ek het hom nooit gesien.

HOFFMAN marynasaun@gmail.com

'n Voorsaak van my is Albert Wynand Wehncke Hoffman en ek wil weet wie sy kinders is want sy seun kan my oupagrootjie wees.

NOG INSKRYWINGS OP BLADSY 10 >>>

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Petalje met



'n jenneryter

"Pa val toe lat dit lyk asof hy geskiet is, maar sy lyf gee nog so 'n paar rukke met dié wat hy so met 'n boog deur die lug trek."

OUTEUR ONBEKEND

Baie donkerte hier by ons op Paterson weens een of ander moer wat moeligheid gemaak het by die Kaap se Eskom.

Ons huis lyk party aande soos 'n disko so kort opmekaar gaan die krag af en aan. Pa het toe gesê genoeg is genoeg. Net voor Krismis besluit hy hy wil oplaas 'n jenneryter koop oorlat hy moeg was vir allie alewige kragonderbrekings.

My oupa het al gedink die krag word afgesny omdat pa elke maand die munisipaliteit se geld innie borrelstoor belê. Maar pa sê hy's moeg, dit maak nie saak nie, of dit nou daardie simpel mannetjie vannie cownsil is wat onse krag afsny, of daardie onnooslike amptenaar van Eskom, hy worrie nie, hy wil 'n jenneryter hê. Hy en Ma is al twee moeg van allie episodes van *7de Laan* wat hulle nie te siene kry nie.

Nou ja, toe gaat ek en Pa koöperasie toe om die ding te koop. Oppie kaart, want pa sê my ma se kaart is baie lekker - jy koop net op Budget' se rekening. Jy vertel die mense om dit op Budget se rekening te sit, dan doen hulle dit sommer. Ek weet nie lekker wie Budget issie, maar ek weet net pa sit alles op Budget se rekening. Ek reken dié Budget gaat darem lekker moerig wees as hy uitvind wat Pa alles op sy rekening koop.

Maar pa 'worrie' nie. Hoe gaan hulle ooit uitvind, wil Pa weet.

In elk geval, ons loop koop toe die jenneryter, en dis net mooi daar waar die moeilikheid begin.

Kyk, as julle dink my pa weet niks van kampeer af nie, of van karre af nie, of van vroumense af nie - dis tog goed wat 'n mens kan sien - dan moet julle weet, hy weet nog minner as niks van lektrieks af nie. Dis wat my ouma altyd sê.

Maar pa is nie gepla nie. Toe hy eers ná 'n hele eldelange paragraaf se vreemde woorde daai jennerytertjie gestaart kry, toe dink hy mos lat hy 'n elektriese ingeneer is. Dis glo slim ouens wat alles van krag verstaan, sê hy.

□ □ □ □

So, voor my pa die ding aan die krag loop koennek swiets hy eers die jennerytertjie af en hy sê vir my: "Kleinboet, as 'n ou met krag werk, dan moet jy slim wees, en nugter wees." Toe tref dit my - pa is nie gewoonlik een vannie twee nie - só toe weet ek: hie' kom gróót moeilikheid!

Maar ek het verniet geworrie. Toe pa daai drade vat, en hy sjok nie, toe weet ek sommer hy weet wat hy doen. Toe maak hy die drade se punte mooi skoon solat die koper uitsteek, en hy is toe reg om die masjien aan die kragpunt te konnek. Nou ja, toe sit ek lekker en kyk hoe my slim pa die kragonderbreking ding onner die knieg kry, en ek worrie niks nie oorlat ek kan sien pa kén.

Toe maak hy daai swietsbord innie kombuis oop en hy staan reg om sy jennerytertjie se drade aan die swietsbord se drade te koennek. Dis glo solat as die krag afgaan, dan staart pa net sy jennerytertjie en dié se krag sal dan die swietsbord maak werk.

Daar's 'n gesegde wat die grootmense gebruik: Hulle sê dat as die pôpô die fên straaik is daar groot moeilikheid. Daai ooms wat só sê het nog nie gesien wat gebeur as die swietsbord se krag pa tref nie!

Kyk, antie, toe pa so oppie leertjie regstaan en hy koennek daai jennerytertjie se kragdraad so aan die swietsbord se rooi draad, toe smaak dit vir my pa is aan die hartaanval kry, of hy kry 'n senuwee-instorting of 'n eleptiese aanval

of 'n strouk offe ding. Die manier wat pa daai swietsbord ruk en pluk, met die briedans en alles, dog ek pa gaat die ding uit die muur uit ruk en net 'n gat daar los daar waar die swietsbordjie was.

Met 'n vreemde smaail op sy gesig van die gesjok lyk dit nogal of hy dit geniet. Pa spog mos hoeka hy kon jongtyd deurnag disko sonner ophou. Hy ruk daai swietsbord of hy aan't wen is op 'n dobbelmasjien!

Nou ja, die swietsbordjie moef'níe en Pa hou nie op ruk nie en hy maak sukke jodelgeluide wat amper klink soos Charles Jacobie op my ma se fywrit langspeelplaat.

Ek dog dis van woede wat pa so skreeu oorlat hy nou begin kwaad word virrie swietsbordjie. Hy dans so oppie leer dat die een ná die ander boutjie uit die leer pop vannie geskud en hy gooi sy dikkerige lyf rond bo-op daai leer asof hy nou inne jaaif-kompetisie deelneem, of 'n voordanser by die T20-krieket is!

□ □ □ □

Net toe ek vir pa wil waarsku lat hy vannie leer gaan afval, toe gebeur dit al klaar - hy val van daai leer af, maar hy val nie grond toe soos 'n mens moet nie. Toe verstaan ek hoekom party mense sê "hy't daar afgemoer", want daai wassie 'n val nie, daai was 'n moerse slag!

In elk geval, pa val toe lat dit lyk asof hy geskiet is, maar sy lyf gee nog so 'n paar rukke met dié wat hy so met 'n boog deur die lug trek, nes daai ouens op TV wat by Oom Limpie se Spele innie swembad induik en dan sulke langarm S-draaie innie lug maak.

Al verskil is nou dat daar nie water onner is nie, net die klipsteenharde kombuisvloer met die bont linoleumtapyt wat golwe maak soos hy daarop val. Sy splinternuwe bo-tanne sit op die kombuistafelblad se rand vasgebyt, sonner lat pa naby hulle is.

En toe pa sy kop helemal misval en met 'n slag op sy agterent te lande kom, toe skrik ek want ek vrees toe vir harsingskudding want my ma sê altyd pa se verstand sit in sy agterent en dat hy sommer 'n lamsak is.

Maar toe's dit nog nie al nie. Daar sit pa oppie vloer en beginne jaaif. Toe voel ek darem beter, want ek kan sien hy is nie heeltemal 'n lamsak nie oorlat hy sy boude toe daar oppie grond lekker vinnig wikkel, en hy boonop tog te lekker jodel met die een kragdraad steeds in sy hand soos 'n wafferse sanger met 'n maaik. Skielik sien ek weer vir Charles Jacobie weer voor my.

En so tussendeur trek hy nog vir my snaakse gesigte ook, en eindig af met die spoeg van sy onnertanne in 'n sierlike boog netjies tot innie wasbak - wat 'n performans!

Ek kon wragtag nie anders as om vir pa hande te klap nie.

Die jennerytjie staan deesdae vergete innie geraatsj onder 'n laag stof en niemand praat oorrie voorval nie. En pa soek nou net woes vir 'n windlaaier innie Landbouweekblad se snuffelgids . . .

STAMBOOM (vervolg)

HOFFMAN marynasaun@gmail.com

Ons is op soek na die kinders van Albert(us) Wynand Wehncke Hoffman*1847 en Maria Elizabeth Mojsje de Villiers *1847 of enige ander familie verbintnisse.

JANSEN VAN VUUREN engela.pretorius12@gmail.com

My pa se name is Abertus Gerhardus en my ma se name is Maria Margaretha Jansen van Vuuren en haar moeder se name was Engela Susara Karsten en my pa se vader was Louis Christian Petrus Jansen van Vuuren. Ek is op soek na die Jansen van Vuuren familie wapen

KAPP Erik.kapp@defy.co.za

Sal graag wil hoor as daar Kappies in julle omgewing is. Mooi dag

KUILDER wynand.kuilder@me.com

Soek meer inligting oor Kuilder familie.

LOUBSER melt.loubser@absa.co.za

Laubscher, Loubser, Loubser en Laubser

MOORE sonja@mantovani.co.za

Ek is dringend op soek na dr. Moore se familie in Reitz omgewing. Hul het kinders gehad met die name Leon, (oorlede), Hanro en Mirna. Kan iemand asseblief help.

Die volgende KAMMANUUS is op 20 AUGUSTUS